

## Bepalings vir Investo Portefeulje

U bevestig dat u die bepalings van hierdie belegging verstaan en aanvaar. Enige verwysing na Momentum (of "ons", ens.) in hierdie ooreenkoms sal Momentum Wealth (Edms) Beperk, en/of Momentum Metropolitan Lewens Beperk, en/of ons filiale, agente en opvolgers in titel beteken, soos toepaslik.

### A. Algemeen

1. Die aansoekvorm, hierdie bepalings, die voordeelkwotasie, en die nuwe besigheid belegging- of lidmaatskapsertifikaat, vorm die basis van hierdie ooreenkoms tussen u en ons. Hierdie ooreenkoms is onderhewig aan Suid-Afrikaanse wetgewing.
  2. Om te help met die neem van 'n ingeligte besluit, verwys asseblief na die relevante minimum openbaarmakingsdokumente (MOD's, ook bekend as feiteblaaie/"fact sheets"), vir inligting oor die portefeulje. MOD's verskaf gedetailleerde verduidelikings van die risiko's en die potensiële nadele van 'n portefeulje, wat van tyd tot tyd mag verander. MOD's kan van die relevante kollektiewe beleggingskema (KBS) bestuurder, beleggingsbestuurder of u finansiële adviseur verkry word.
  3. Ons kan die bepalings van hierdie ooreenkoms, insluitend ons administrasiefooi, en die verstekgeldmarkfonds (tans die Momentum Money Market Fund) wat ons vir sekere transaksies en gebeure gebruik, verander. Vir hierdie, en enige toekomstige transaksies op u belegging, maak asseblief seker dat u ons nuutste bepalings lees, wat beskikbaar is op versoek.
  4. U stel Momentum aan om u belegging te administreer. Ons sal u instruksies verwerk solank dit binne die wettlike- en produkbeperkings is.
  5. Ons sal u aansoek nagaan nadat ons u ingevulde aansoekvorm, saam met al die stawende dokumente en die bewys van betaling aan ons (indien 'n enkelbedragbydrae), ontvang het. Indien u al die instruksies in hierdie dokument uitgevoer het en ons al die nodige dokumente ontvang het, kan ons u aansoek aanvaar en kan u belegging begin.
  6. U moet langsaan enige veranderinge of byvoegings op hierdie aansoekvorm teken en dit is eers bindend sodra ons dit aanvaar het.
  7. Ons kan besluit om nie u aansoek te aanvaar nie.
  8. Hierdie belegging is onderhewig aan die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet en ons sal, waar toepaslik, belasting aftrek.
  9. Indien u beleggingsbedrag minder as die produkminimumbedrag is, kan ons hierdie beleggingsooreenkoms staak.
  10. Ons het genoeg dekking vir professionele vrywaring en getrouheidsversekering soos die wet vereis.
  11. Daar is inherente risiko's verbonde aan hierdie kontrak se gekose onderliggende beleggings. Ons sal nie aanspreeklik gehou word vir die gevolge van enige nadelige markbewegings nie. Indien ons enige instruksie ontvang wat onwettig of teenstrydig met ons besigheidspraktyke of wetgewing is, sal ons dit nie uitvoer nie en ons sal nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat gely word as gevolg daarvan nie. Ons sal ook nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat gely word as gevolg van die uitvoer van enige instruksies wat dubbelsinnig of onduidelik is nie.
  12. Ons waarborg nie die prestasie van enige belegging nie, al kan bepaalde onderliggende produkte egter waarborge hê. Ons behou die reg voor om in sekere omstandighede, op advies van ons akteur, die waarborge te herprys. U kies die belegging volgens u eie beleggingstrategie.
  13. Weens die aard van die produk moet u deurlopende advies vir hierdie belegging kry.
  14. Volgens die produkreëls kan ons 'n deurlopende adviseursfooi as 'n koste uit u belegging betaal. Ons kan die betaling van die adviseursfooi aan finansiële adviseurs terughou of beëindig indien hulle nie hulle verpligtinge nakom nie, of wanneer die mandaat beëindig is.
  15. Ons kan u toegang tot die volgende onttrek:
    - ons institusionele buitelandse beleggingskapasiteit indien wetgewing verander, en
    - beleggings van 'n spesifieke eksterne bestuurder se fondse, in sluitend kollektiewe beleggingskemas, indien sodanige fondsebestuurder of kollektiewe beleggingskema ons in kennis gestel het dat hulle nie verdere beleggings in een of meer van die fondse onder hulle bestuur aanvaar nie.
- Ons kan dan hierdie eenhede omskakel en die opbrengs in die standaard-geldmarkfonds (tans die Momentum Money Market Fund) belê.
16. U kan by ons kliëntekontaksentrum (kontakbesonderhede op die laaste bladsy) 'n klag indien. Ons sal ons klagte-oplossingsproses volg wanneer ons u klagte ondersoek. 'n Afskrif van die proses is beskikbaar op die Momentum-webwerf.
  17. Sou u nie met die uitkoms van die klagte-oplossingsproses tevrede wees nie, kan u ons klagte-oplossingsbeampte of die Ombudsman vir Langtermynversekeraars kontak (kontakbesonderhede op die laaste bladsy). Indien u enige klagtes het oor die advies wat u ontvang het, kan u die Ombudsman vir Finansiële Diensteverkafers (FAT/"FAIS") kontak (kontakbesonderhede op die laaste bladsy).
  18. Momentum het 'n bestuursbeleid vir botsing van belange. 'n Afskrif van hierdie beleid is op ons webwerf beskikbaar.
  19. **Belangrik:** Indien enige instruksie per faks of e-pos vir ons gestuur word, is 'n faksbevestigingsstrokie of e-posbevestiging nie 'n bewys dat ons 'n duidelike en leesbare kommunikasie ontvang het nie.
  20. **Belangrik:** U is verantwoordelik om seker te maak dat ons u en u begunstigdes se jongste kontakinligting het. Indien ons u of u begunstigdes nie kan kontak wanneer 'n voordeel betaal moet word nie, sal ons ons proses vir onopgeëiste voordele volg.
  21. U erken en aanvaar dat u u reg tot privaatheid beperk. U magtig ons om:
    - van enige persoon enige inligting te bekom wat ons benodig vir die doeleindes van hierdie aansoek en om ons verhouding met u te handhaaf. U magtig sodanige persone om hierdie inligting aan ons te gee. U onderneem ook om ons van afskrifte van dokumente wat sodanige inligting bevat te voorsien.
    - te eniger tyd met ander versekeraars die inligting in hierdie aansoek of in enige verwante kontrak of dokument te deel, hetsy direk of deur 'n databasis wat deur of vir versekeraars as 'n groep bedryf word, in sodanige besonderhede of verkorte of gekodeerde vorm soos ons of die operateurs van sodanige databasis van tyd tot tyd mag goeddink.
    - enige inligting wat tot ons beskikking is aan enige derde party beskikbaar te stel ter voldoening van die statutêre of regulatoriese vereistes van hierdie belegging.U erken dat u hierdie magtiging nie kan kanselleer nie, en dat dit tot na u dood sal voortduur. U stem in dat ons hierdie inligting vir verdere prosessering binne Momentum Metropolitan Beherend Beperk kan gebruik.

### B. Spesifieke bepalings vir die Investo Uitkeerbelegging

1. Hierdie belegging is 'n langtermynversekeringsooreenkoms, wat volgens die Langtermynversekeringswet uitgereik is.
2. Artikel 54 van die Langtermynversekeringswet beperk die afkoop van en lenings uit 'n uitkeerprodukt. Dit beteken dat slegs een rentevrye lening en een onttrekking in die beperkingstermyn van vyf jaar versoek kan word. Daar is ook perke wat van toepassing is op die bedrae wat geneem kan word.
3. Artikel 54 beperk ook die herhalende en bykomende bydraes wat in een beleggingsjaar gemaak word. Indien u herhalende en

- bykomende bydraes in die Investo Uitkeerbelegging maak (in een beleggingsjaar) wat optel na meer as 120% van die hoogste totale bydraes gemaak gedurende enige van die twee vorige beleggingsjare, sal 'n nuwe vyf-jaar beperkingstermyn begin.
4. Ons sal u herhalende bydrae elke jaar volgens u instruksie verhoog. U kan later u herhalende beleggingsinstruksie verander.
  5. Enige fondse van 'n kollektiewe beleggingskema wat u as onderliggende bates vir hierdie kontrak gekies het, verteenwoordig nie bates wat u besit nie. Ons besit die bates, en die beleggingseienaar neem daaraan deel deur middel van die kontrak. Dienooreenkomstig kan die pryse van eenhede van sodanige kollektiewe beleggingskema-fondse wat in koerante gepubliseer word, nie direk met die eenheidspryse van die kontrak gekorreleer word nie.
  6. U kan 'n begunstigde benoem om die opbrengs te ontvang. Hierdie begunstigde sal die opbrengs uit u belegging ontvang wanneer die langsliewende versekerde persoon sterf. Indien die benoemde begunstigde voor u sterf, word die begunstigdebenoeming gekanselleer.
  7. U het ook die opsie om 'n begunstigde vir eienaarskap te benoem. Wanneer u sterf en daar is 'n ander versekerde persoon, bly die beleggingsooreenkoms van krag. Hierdie benoemde begunstigde vir eienaarskap sal dus die nuwe eienaar van die belegging word wanneer u as die versekerde persoon sterf.
  8. Indien u nie 'n begunstigde benoem het nie, sal ons die instruksies van die eksekuteur van u bestorwe boedel uitvoer.
  9. U kan die begunstigdes vir opbrengs of eienaarskap herroep, of nuwes benoem. So 'n verandering moet skriftelik versoek word en sal slegs geldig wees sodra ons die verandering skriftelik bevestig het.
  10. Indien 'n sessie op 'n belegging aangeteken is, sal alle bestaande begunstigdebenoemings opgeskort word.
  11. Indien 'n sessie op u belegging aangeteken is en die langsliewende versekerde persoon sterf, sal ons die beleggingswaarde aan die sessionaris uitbetaal. Die sessionaris moet enige oorskot aan u begunstigde, of in die afwesigheid van 'n begunstigde, u bestorwe boedel terugbetaal.
  12. Hierdie beleggingsooreenkoms het 'n afkoelopsie wat u toelaat om dit binne 31 dae ná ontvangs van u beleggingsertifikaat te staak. Indien u dit doen, kan u minder uitkry as wat u belê het. Ons sal die beleggingswaarde aan u uitbetaal op die dag wanneer ons die opbrengs uit die verkoopte bates ontvang. Die beleggingswaarde word bepaal deur veranderinge in die beleggingsmark en wisselkoerse. Ons sal ook al ons fooie en dié van u adviseur terugbetaal. Ons kan u slegs betaal sodra ons die verkoopopbrengs uit u gekose onderliggende beleggingsfondse ontvang het. Dit is onderworpe aan wetgewing, en mits geen veranderinge aan die kontrak gemaak is nie.
  13. Wanneer u hierdie belegging ten volle afkoop, stem u in om al u regte, aansprake op en belange in hierdie ooreenkoms aan Momentum Connect (Edms) Bpk te sedeer. Hiervoor ontvang u betaling van die afkoopwaarde van Momentum Connect (Edms) Bpk. U aanvaar dat Momentum Connect (Edms) Bpk of sy wettige opvolgers, toegang tot u persoonlike inligting in hierdie belegging kan verkry.
  14. Indien u op die aansoek aangedui het dat hierdie nie 'n vervangingspolis is nie, verklaar u dat hierdie aansoek nie die volle of enige gedeelte van u bestaande versekering wat by enige ander versekeraar is (hetsy die vervanging onmiddellik gaan plaasvind, of versekering vervang wat u in die afgelope vier maande gestaak het, of wat u binne die volgende vier maande sal staak) vervang nie. 'n Vervanging sluit enige verandering op 'n polis in, d.i. kansellasië, opbetaal, afkoel, bydraevermindering, ens.

### C. Spesifieke bepalinge vir die Investo Aftreeannuïteit

1. Wanneer u in die Investo Aftreeannuïteit belê, doen u aansoek om lidmaatskap van die Momentum Aftreeannuïteitsfonds. Die reëls van daardie fonds, en die stipulasies van die Inkomstebelastingwet en die Wet op Pensioenfondse is bindend. Momentum Metropolitan Lewens Beperk, 'n geregistreerde langtermynversekeraar en gelisensieerde aftreefonds- administrateur, onderskryf en administreer hierdie fonds.

2. Nadat ons u aansoek aanvaar het, kan u nie die belegging kanselleer nie. U kan u lidmaatskap van hierdie fonds na 'n ander goedgekeurde aftreefonds van dieselfde aard oordra, mits die oordrag voldoen aan die wet. Die bedrag wat oorgedra word, sal die waarde van die belegging wees, minus enige toepaslike fooie of kostes.
3. Indien u ons binne 31 dae ná ontvangs van u lidmaatskapsertifikaat versoek om u lidmaatskap oor te dra, sal ons die administrasie- en adviseursfooie aan u terugbetaal. Ons kan 'n administrasiefooie vir die oordrag hef wanneer ons administrateurs heelwat tyd aan die oordrag bestee het. Ons kan slegs die belegging oordra nadat ons die verkoopopbrengs vanaf u gekose onderliggende beleggingsfondse ontvang het.
4. U kan uit die aftreefonds tree slegs wanneer u 55 jaar oud is, behalwe by dood of vroeë aftrede as gevolg van swak gesondheid, tensy wetgewing iets anders toelaat. Wanneer u aftree, word die belasting op die aftreevoordeel volgens die Inkomstebelastingwet bereken.
5. Wanneer u uit hierdie beleggingsaftree, sal die waarde van die aftreevoordeel die beleggingswaarde minus die fooie wees. Afhangende van die heersende wetgewing wanneer u aftree, kan u 'n kontantbedrag tot 'n maksimum van een-derde uit u aftreevoordeel onttrek. U moet die oorblywende bedrag gebruik om 'n belegging te koop wat u 'n gereelde inkomste bied. Nadat u afgetree het, sal dié gereelde inkomste as bruto inkomste belas word, soos in die Inkomstebelastingwet omskryf.
6. Indien u ná vyf jaar se belegging by ons aftree, kan u die aftree-enkelbedrag in ons Enhancer-voordeel belê.
7. Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse plaas beperkings op u beleggingsportefeulje om die aftreefondsbates te beskerm. Indien u beleggingsportefeulje nie aan hierdie vereistes voldoen nie, sal u belegging nie aanvaar word nie en sal ons 'n nuwe beleggingsinstruksie van u vereis.
8. Indien u belegging weens mark- of valutaveranderinge nie aan Regulasie 28 voldoen nie, sal ons u vra om die portefeulje te verander, sodat dit daaraan voldoen. Indien u nie hierdie verandering betyds aanbring nie, sal ons die gedeelte wat nie aan die vereistes voldoen nie na 'n standaard-geldmarkfonds (tans die Momentum Money Market Fund) omskakel sodat u beleggings- portefeulje weer daaraan voldoen. U kan die gedeelte wat nie aan die vereistes voldoen nie van die standaard-fonds na 'n ander beleggingsfonds omskakel, mits u totale beleggingsportefeulje aan die vereistes voldoen.
9. U kan 'n begunstigde benoem om die beleggingsopbrengs te ontvang indien u voor aftrede sterf. Wanneer u sterf, kan die trustees van die fonds die opbrengs van u belegging aan u afhanklikes toewys soos die Wet op Pensioenfondse bepaal, selfs al het u ander begunstigdes benoem.
10. Wanneer ons van u dood in kennis gestel word, kan die trustees van die Momentum Aftreeannuïteitsfonds u beleggingsportefeulje verkoop en die opbrengs daaruit in 'n standaard-beleggingskomponent (tans die Momentum Money Market Fund) belê. Die opbrengs sal in hierdie standaard-komponent bly totdat die trustees ons 'n finale instruksie gee oor hoe die voordeel uitbetaal moet word.
11. Enige fondse van 'n kollektiewe beleggingskema wat u as onderliggende bates vir hierdie kontrak gekies het, verteenwoordig nie bates wat u besit nie. Ons besit die bates, en die fondslid neem daaraan deel deur middel van die kontrak. Dienooreenkomstig kan die pryse van eenhede van sodanige kollektiewe beleggingskema-fondse wat in koerante gepubliseer word, nie direk met die eenheidspryse van die kontrak gekorreleer word nie.
12. Indien u op die aansoek aangedui het dat hierdie nie 'n vervangingspolis is nie, verklaar u dat hierdie aansoek nie die volle of enige gedeelte van u bestaande versekering wat by enige ander versekeraar is (hetsy die vervanging onmiddellik gaan plaasvind, of versekering vervang wat u in die afgelope vier maande gestaak het, of wat u binne die volgende vier maande sal staak) vervang nie. 'n Vervanging sluit enige verandering op 'n polis in, d.i. kansellasië, opbetaal, bydraevermindering, ens.

### D. Spesifieke bepalinge vir die Investo Koppelbelegging

1. Die bates in die belegging word in die naam van Momentum Metropolitan Lewens Beperk deur Momentum Wealth Nominees (Edms) Bpk gehou, vir u eksklusiewe voordeel.

2. Sodra die Investo Koppelbelegging begin het, kan u nie 'n afkoel-opsie uitoefen nie. Dit is omdat die Investo Koppelbelegging 'n effektrust of koppelbelegging is, en nie 'n polis nie. Aangesien die reëls op die Beskerming van Polishouers dus nie op hierdie belegging van toepassing is nie, geld 'n afkoeltydperk daarom ook nie vir die belegging nie.
3. U kan nie 'n begunstigde nomineer vir hierdie beleggingssooreenkoms nie. Wanneer u sterf, sal die belegging deel vorm van u bestorwe boedel. Indien u wel begunstigdes invul vir hierdie produk, sal ons daardie besonderhede verontagsaam.
4. U kan hierdie beleggingssooreenkoms as aanvullende sekuriteit sedeer deur vir ons 'n afskrif van die sessie-ooreenkoms te stuur. Ons sal dan die sessie aanteken en dit skriftelik bevestig.
5. Indien daar 'n sessie op u belegging aangeteken is en u sterf, sal ons die beleggingswaarde aan die sessionaris uitbetaal. Die sessionaris moet enige oorskot aan u bestorwe boedel terugbetaal.
6. U kan ook die eienaarskap van hierdie beleggingssooreenkoms verander. Ons sal die verandering van eienaarskap skriftelik bevestig.
7. Indien u ons opdrag gee om die beleggingssooreenkoms te staak, sal ons die beleggingsportefeulje verkoop en die opbrengs aan u uitbetaal sodra ons dit van die beleggingsbestuurders ontvang het. Die beleggingswaarde word deur die beleggingsmark en wisselkoers tussen geldeenhede bepaal. Ons kan u slegs betaal sodra ons die verkoopopbrengs uit u gekose onderliggende beleggingsfondse ontvang het.

## E. Inligting

1. U kan u beleggingstate op ons webwerf kry of u kan ons diensentrum skakel (kontakbesonderhede op laaste bladsy). Ons sal u kwartaalliks (Investo Koppelbelegging), of jaarliks (Investo Aftree-annuïteit en Investo Uitkeerbelegging) oor u belegging se waarde inlig.
2. Ons sal alle state, dokumente en inligting oor u belegging aan u of u aangestelde finansiële adviseur beskikbaar stel.
3. In sekere omstandighede, en op versoek van finansiële adviseurs, kan ons u beleggingsinligting aan hulle beskikbaar maak deur 'n derdepartyverskaffer. U gee ons toestemming om u inligting aan so 'n verskaffer beskikbaar te stel. U vrywaar ons teen enige verlies of eis van enige aard wat uit die gebruik van so 'n derdepartyverskaffer kan voortspruit.
4. Inligting oor kollektiewe beleggingskemas of genoteerde maatskappye sal aan u verskaf word wanneer u dit versoek. Ons kan 'n fooi daarvoor hef.

## F. U finansiële adviseur

1. Die adviseur wat u aanstel om vir u advies te gee, moet as 'n Finansiële Diensteverskaffer Kategorie I-adviseur gemagtig wees.
2. Wanneer finansiële adviseurs Finansiële Diensteverskaffer Kategorie II-adviseurs is, kan u ons opdrag gee om hulle beleggingsinstruksies uit te voer aangesien hulle as diskresionêre beleggingsbestuurders kan optree.
3. Ons laat net gemagtigde finansiële diensteverskaffers, met wie ons 'n diensvlak-ooreenkoms het, toe om as u aangestelde adviseur op te tree en adviseursfooie uit u belegging te verdien.
4. Ons sal elke finansiële adviseur se lisensiekategorie en onderliggende kategorieë vir finansiële produkte by die Gedragsowerheid van die Finansiële sektor (FSCA) kontroleer. Ons sal seker maak dat die fooie wat betaal word binne die produkbeperkings is.
5. U finansiële adviseur is daarvoor verantwoordelik om seker te maak dat u al die toepaslike advies, produk- en fooi-inligting kry en verstaan wat u nodig het, insluitend enige veranderinge in die besigheidspraktike en -prosedures van Momentum.

## G. Lisensiëring

1. U adviseur moet toepaslik gelisensieer wees volgens artikel 7(3) van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste (FAT).
2. Die lisensiëringsvereistes is van toepassing op nuwe beleggings en wysigings aan u belegging, soos omskakelings, debietorderveranderinge, en bykomende beleggings. Ons is nie verantwoordelik vir enige verlies of skade omdat u finansiële adviseur nie toepaslik gelisensieer is nie.
3. Die inligting wat gebruik word om FAT-lisensies te kontroleer, kom uit derdepartybronne. Ons wend redelike pogings aan om seker te

maak dat die data akkuraat is, maar ons kan dit nie waarborg nie. Ons is nie aanspreeklik indien die inligting onakkuraat is en 'n vertraging van 'n instruksie veroorsaak nie.

## H. Fooie

1. Ons sal die finansiële adviseur se fooie betaal soos op hierdie aansoekvorm ooreengekom. Ons sal hierdie fooie van u belegging affrek. U erken dat hierdie fooie op die ooreenkoms tussen u en u finansiële adviseur gebaseer is.
2. U belegging- of lidmaatskapsertifikaat sal al die fooie wat ons ingevolge die kontrak hef, spesifiseer. Ons sal u belegging- of lidmaatskapsertifikaat aan u stuur nadat ons hierdie aansoek aanvaar het. Dit is u finansiële adviseur se verantwoordelikheid om seker te maak dat u ten volle ingelig is oor alle fooie en kostes kragtens hierdie ooreenkoms.
3. Ons behou die reg voor om ons fooie wat van toepassing is op hierdie kontrak te hersien, nadat ons u behoorlike en redelike kennisgewing van hierdie veranderinge gegee het. Dit sluit die fooie in wat gebaseer is op al die fondse en aantal kontrakte in u Investo-portefeulje, maar dit is nie daartoe beperk nie.
4. U gee ons opdrag om elke maand 'n deurlopende adviesfooie, soos in die adviesfooie-afdeling aangedui, van die waarde van u belegging te verhaal en om dit aan u finansiële adviseur te betaal, solank hierdie opdrag van krag bly en u adviseur 'n kontrak met ons het.
5. U stem in en bevestig dat ons alle fooie moet betaal deur die eweredige disinvestering van eenhede van elk van die beleggingsfondse waarin u belê het.

## I. Verwerking van u instruksies

1. Ons sal ons bes doen om geldige instruksies binne twee sakedae ná ontvangs te verwerk. Dit beteken dat ons die spesifieke batebestuurder opdrag sal gee om u versoek binne hulle tydlyn te verwerk.
2. Ons gee elke sakedag om 11vm. instruksies aan batebestuurders.
3. Indien die volgende gebeur, sal ons nie u instruksie binne twee sakedae kan verwerk nie:
  - 3.1 Buitengewone gebeure in die bedryf wat grootskaalse markveranderinge en 'n toename in verhandelingsaktiwiteite kan veroorsaak.
  - 3.2 Gedurende tye wanneer ons 'n groot aantal instruksies ontvang, is die indiening van u instruksie voor 11vm. nie 'n waarborg dat u dieselfde dag se prys sal ontvang nie.
  - 3.3 Vertragsings veroorsaak deurdat u instruksie onduidelik was of alle inligting nie ingevul was nie.
  - 3.4 Indien die belegging in buitelandse fondse is, sal ons altyd die instruksies teen die vroegste moontlike verhandelingsgeleentheid uitvoer, onderworpe aan die administrasieprosedures en moontlike beperkings op fondsverhandeling wat met die belegging in buitelandse fondse gepaardgaan. Kontak asseblief u finansiële adviseur indien u meer inligting oor hierdie prosedures nodig het. Byvoorbeeld, talle van die buitelandse fondse laat net verhandeling op 'n weeklikse basis toe, en in sommige gevalle slegs kwartaalliks. Ons kan nie omdraai-tye waarborg nie, aangesien die kennisgewing- en vereffeningstydperke van die verskillende fondsbestuurders nie dieselfde is nie. Selfs wanneer daaglikse verhandeling van fondse betrokke is, is die standaard-omdraai-tyd vir een been van 'n buitelandse opdrag nege sakedae. U neem ook kennis dat ons nie die omskeppingskoers ten tye van die opdrag bepaal nie, maar eers sodra ons die verhandelingspryse ontvang het.
  - 3.5 Enige ander gebeurtenis waaroor ons nie beheer het nie, wat die volgende insluit, maar nie daartoe beperk is nie: natuurrampe, brand, oorlog en oproer. Ons is ook nie verantwoordelik vir enige skade of verlies sou enige van die bostaande plaasvind nie.
4. Wanneer ons, om watter rede ook al, nie binne twee sakedae die beleggingsbedrag aan die gekose beleggingsfondse kan toewys nie, sal ons rente by u beleggingsbedrag voeg. Ons sal die rentebedrag by u oorspronklike beleggingsbedrag voeg wat ons in die gekose beleggingsfondse moet belê, met die uitsondering van Kapitaalwaarborge. Indien u net 'n Kapitaalwaarborgfonds gekies het, sal ons die rentebedrag aan 'n standaard-fonds (tans die Momentum Money Market Fund) toewys.
5. Die regs- en produkreëls van die spesifieke tipe belegging moet ten alle tye nagekom word.



6. Die volgende sal geld wanneer u beleggingsbestuurder ('n Finansiële Diensteverskaffer Kategorie II-adviseur) 'n mandaat van u ontvang om beleggingsbesluite namens u te neem:
  - 6.1 U het in u mandaat met u beleggingsbestuurder ingestem tot spesifieke regsbepalings en kontraktuele verpligtinge, waaraan u moet voldoen.
  - 6.2 Indien u enige instruksie regstreeks vir ons stuur, kan ons dit slegs uitvoer nadat ons u beleggingsbestuurder op rekord oor u instruksie ingelig het. U beleggingsbestuurder moet ons dan toestemming gee om voort te gaan, mits die beleggingsmandaat dit toelaat. Die vertraging in die uitvoering van u instruksie kan so lank duur as die hele kennistermyn waartoe u ingestem het in u beleggingsmandaat.
  - 6.3 Ons sal nie verantwoordelik wees vir enige skade of verlies wat u mag ly weens 'n vertraging met die verwerking van enige van u regstreekse instruksies omdat u direk met ons sake doen en nie deur u beleggingsbestuurder nie.
  - 6.4 Indien u 'n ander beleggingsbestuurder wil aanstel as die een wat ons op rekord het, moet u by die kennistermyn waartoe u ooreengekom het hou. Ons sal 'n beleggingsbestuurder op rekord nie vinniger verwyder as die kennistermyn waartoe u ooreengekom het nie.

## J. Afkamping ("ringfencing")

1. Afkamping of afgekamp beteken die opskorting van 'n verkoop-instruksie van u eenhede in 'n kollektiewe beleggingskema deur die effektrustbestuursmaatskappy, ooreenkomstig die wetgewing vir kollektiewe beleggingskemas.
2. Wanneer ons in kennis gestel word dat 'n bestuurder van 'n kollektiewe beleggingskema 'n verkoopinstruksie afgekamp het, sal ons u verkoop- of omskakelingsinstruksie kanselleer. Ons sal dan weer die volgende sakedag u instruksie vir verhandeling teen daardie dag se prys indien. Sou die instruksie weer afgekamp word, sal ons die afkappingsproses volg. Dit beteken dat dit tot 20 dae kan duur vir die opbrengs om beskikbaar te raak.
3. Ons is nie verantwoordelik vir enige skade of verliese wat u weens afkamping kan ly nie.

## K. Fondse belê

1. Indien ons enige deel van 'n instruksie nie kan verwerk nie, sal ons die hele instruksie ongeldig ag en moet u ons van 'n nuwe instruksie voorsien.
2. In sommige gevalle sal ons markwaarde-aanpassers aanwend. Vir meer inligting oor markwaarde-aanpassers, lees die dokument getiteld "Principles and Practices of Financial Management of Momentum's discretionary participation products" op ons webwerf.
3. Ons het verskillende klasse kollektiewe beleggingskema-eenhede geskep wat by die onderliggende produk en lisensie pas. Die klas waarin u belê het, sal op die onderliggende produk wat u gekies het gebaseer word.
4. Alle inkomste-uitkerings sal outomaties herbelê word.
5. Ons is nie verantwoordelik of aanspreeklik vir enige verliese gely as gevolg van vertragings, weglatings of enige ander foute aan die kant van die kollektiewe beleggingskema se bestuursmaatskappy nie.
6. Alle beleggings is onderworpe aan die reëls en terme en voorwaardes wat daardie beleggings beheer, soos wetgewing of die produkverskaffer of die bestuursmaatskappy van tyd tot tyd bepaal. U verstaan die betekenis van "beleggings" as beleggings in kollektiewe beleggingskemas, soos gedefinieer in die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas (2002), versekeringspolis wat langtermynversekeraars uitgereik het ingevolge die Langtermynversekeringswet (1998), en voordele wat pensioenfondsorganisasies voorsien.

7. U aanvaar dat sekere instruksies wat u aan ons gee oor die onderliggende beleggings wat u gekies het, onderworpe kan wees aan die tydsbepalingstandaarde, -prosedures en finale pryse en wisselkoerse wat die bestuursmaatskappy en ander derde partye gebruik en bevestig. Ons sal alles in ons vermoë doen om seker te maak dat ons sodanige instruksies binne 'n redelike tydperk uitvoer, maar sal nie verantwoordelik wees vir enige vertragings wat die marktoestande, die bestuursmaatskappy of enige ander derde partye veroorsaak nie.
8. Ons bedryf 'n vooruit-prysbepalingstelsel, wat beteken dat die prys wat toegepas word op transaksies wat plaasvind voor die afsnytyd slegs deur die toepaslike batebestuurder daardie aand na sluitings-tyd bereken sal word. Transaksies wat na die afsnytyd ontvang word, sal teen die volgende dag se pryse verwerk word. U neem kennis dat die eenheidsprys vir 'n handelsdag na die middaguur op die volgende handelsdag beskikbaar is.
9. Ons behou die reg voor om 'n fonds van die Investo-platform te verwyder. Wanneer dit gebeur sal ons die markwaarde van u belegging in daardie fonds na 'n soortgelyke of standaard-fonds (tans die Momentum Money Market Fund) omskakel, sonder om 'n omskakelingsfooi te verhaal.

## L. Leefsiklus-filosofie

1. Ons het hierdie filosofie op vier fondse met verskillende risikoprofiel gebaseer. Ons sal u belegging outomaties van fonds na fonds omskakel, afhangende van die oorblywende aanvanklike spaartermyn, tensy ons 'n skriftelike opdrag van u ontvang waarin u duidelik u spesifieke beleggingskeuse aandui.
2. Ons behou die reg voor om die termyn te wysig wat die omskakeling van een fonds in 'n ander aktiveer. Die effektiewe datum van 'n omskakeling kan ook afhang van u ouderdom.
3. Namate u die einde van u gespesifiseerde aanvanklike spaartermyn nader, magtig u ons om 'n konserwatiewe beleggingsbenadering te implementeer.

## Kontakbesonderhede

Momentum webwerf: [www.momentum.co.za](http://www.momentum.co.za)

### Momentum Investo kontaksentrum

ShareCall-nommer: 0860 664 321  
 Telefoonnummer: +27 (0)12 675 3024/34  
 Faksnummer: 0800 223 696  
 E-posadres: [investo@momentum.co.za](mailto:investo@momentum.co.za)  
 Posadres: Posbus 7400, Centurion, 0046

### Momentum Wealth-nakomingsafdeling

Telefoonnummer: +27 (0)12 673 7561  
 E-posadres: [wealthcompliance@momentum.co.za](mailto:wealthcompliance@momentum.co.za)  
 Posadres: Posbus 7400, Centurion, 0046

### Momentum klagte-oplossingsbeampte

Telefoonnummer: +27 (0)12 673 7838  
 Faksnummer: 086 667 6061  
 E-posadres: [clientcomplaints@momentum.co.za](mailto:clientcomplaints@momentum.co.za)  
 Posadres: Posbus 7400, Centurion, 0046

### Ombudsman vir Finansiële Diensteverskaffers (FAT)

Telefoonnummer: +27 (0)12 470 9080  
 Faksnummer: +27 (0)12 648 3447  
 E-posadres: [info@faisombud.co.za](mailto:info@faisombud.co.za)  
 Posadres: Posbus 74574, Lynnwoodrif, 0046

### Beregtter vir Pensioenfondse

Telefoonnummer: +27 (0)12 346 1738  
 Faksnummer: 086 693 7472  
 E-posadres: [enquiries@pfa.org.za](mailto:enquiries@pfa.org.za)  
 Posadres: Posbus 580, Menlyn, 0063

### Ombudsman vir Langtermynversekeraars

ShareCall-nommer: 0860 103 236  
 Telefoonnummer: +27 (0)21 657 5000  
 Faksnummer: +27 (0)21 674 0951  
 E-posadres: [info@ombud.co.za](mailto:info@ombud.co.za)  
 Posadres: Privaatsak X45, Claremont, 7735

## Momentum Metropolitan Lewens Beperk

Reg. nr. 1904/002186/06  
 Westlaan 268 Centurion 0157 Posbus 7400 Centurion 0046  
 Tel +27 (0)12 675 3024/34 Faks 0800 223 696 ShareCall 0860 664 321  
[investo@momentum.co.za](mailto:investo@momentum.co.za) [www.momentum.co.za](http://www.momentum.co.za)

Momentum is deel van Momentum Metropolitan Lewens Beperk, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en krediet